

Suid-Afrika se hoogste hof as baken van

HOOP

♥ **Bydrae:** Francois Lion-Cachet

Die Grondwethof in Johannesburg, waarna ook verwys word as die Konstitusionele Hof, se werksaamhede is dikwels in die koerantopskrifte te vind, veral nou met die verhore van hooggeplaaste politici en ander staatsamptenare se sake wat 2021 kenmerk.

Hierdie artikel kyk kortliks na die geskiedenis en beduidendheid van die Grondwethof, sowel as die Grondwet, maar ook dié se wêreldbekende en bekroonde gebou en kunsversameling. Die gebou en kuns is nie net vir versiering nie, maar is strategies daar geplaas om visuele vergestaltung aan die Grondwet te gee. Die beeld(e) wat deur die argitektuur en kuns geskep word, verteenwoordig die waardes waarop ons post-apartheid samelewing geskoei is en ontsluit ook 'n diepere begrip van ons nasionale grondbeginsels.

Die Grondwet en dié se bewaker

Die Grondwethof speel uiteraard 'n kernrol in Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie wat tussen 1993 en 1996 voltrek is. Die interim grondwet van 1993 het die land se demokratiese oorgang gereguleer, waarna die Grondwet, soos ons dit vandag ken, in 1996 aangeneem is.

Suid-Afrika het 'n radikale oorgang van 'n outoritêre en onderdrukkende apartheidsregime, gebaseer op 'n stelsel van parlementêre soewereiniteit, na 'n grondwetlike demokrasie wat toegewy is aan die skepping van 'n regverdige samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, ondergaan.

Die Grondwet is die hoogste reg van die land in Suid-Afrika. Dit bevat 'n handves van regte wat die fundamentele menseregte van alle mense in die land omskryf. Dit verdeel ook die magte en funksies van die regering tussen die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank, sowel as tussen die plaaslike, provinsiale en nasionale sfere van die regering. Geen ander wet mag in stryd wees met die Grondwet nie.

In 1994 was die Suid-Afrikaanse regbank omtrent uitsluitlik wit en manlik, en deur baie gesien as medepligtig aan die apartheidsregime. Daar is derhalwe ooreengekom dat 'n nuwe hof, verteenwoordigend van die diverse

bevolking van Suid-Afrika en onbesmet deur die verlede, ingestel moet word om die nuwe Grondwet te beskerm, te interpreteer en af te dwing. Die Grondwethof is in 1994 kort na die verkiesing gestig.

Die mandaat van die Grondwethof plaas dit nie net in die wetlike nie, maar ook in die sosiale en politieke transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die Hof het onder meer die doodstraf afgeskaf, die stemreg van gevangenes bevestig, die staat verplig om huwelike van dieselfde geslag te erken en te verklaar dat vroue geregtig is om volgens Islamitiese en Afrika-gewoontereg te erf. Suid-Afrika is een van die min lande wat in sy Grondwet uitvoering gee aan sosio-ekonomiese regte, insluitend regte op toegang tot voedsel, water, behuising, gesondheidsorgdienste en onderwys.

Die Grondwethof se beoordelende rol is polities sensitief, omdat dit geregtelike hersieningsbevoegdheid oor die demokraties-verkose staatsorgane uitoefen en bevele maak wat staatshulpbronne kan beïnvloed. Aangesien regters nie demokraties verkies word nie, maar deur die Regterlike Dienskommissie gekies word vir aanvaarding deur die President, bly die

Hof versigtig om die skeiding van magte wat Suid-Afrika se unieke grondwetlike demokrasie ondersteun, te respekteer.

Die gebou as boom op 'n heuwel

Die Grondwethof was vir die eerste tien jaar in 'n gehuurde kantoorgebou in Braamfontein geleë. 'n Internasionale argitektuurkompetisie vir die ontwerp van die nuwe gebou is in 1997 gehou. Die kompetisie het meer as 500 aansoeke ontvang en is beoordeel deur 'n internasionale paneel beoordelaars onder leiding van Charles Correa, die vooraanstaande Indiese argitek. Die wenontwerp was deur 'n groep Suid-Afrikaners: Andrew Makin, Janina Masojada en Paul Wygers en was gebaseer op die konsep "geregtigheid onder 'n boom", wat die oopheid wat die Grondwet vereis, beliggaam.

Die Grondwethof het reeds met sy ontstaan die idee van "justice under a tree" in die plek van tradisionele Westerse simbole van geregtigheid (soos 'n weegskaal of "Lady Justice") in sy logo gebruik - juis om 'n skuif na 'n unieke Suid-Afrikaanse oplossing uit te beeld. Die boom verteenwoordig toeganklikheid, deursigtigheid, deelname, aanspreeklikheid en beskerming. Dit verwys ook na Afrikatradisies en gewoontereg waar gemeenskapsvergaderings vir die aanhoor van sake en die neem van besluite onder 'n boom gehou word. Die beeld van die boom erken dat die praktyk van geregtigheid inheems aan Suid-Afrika, is.

Die gebou, Suid-Afrika se eerste groot post-apartheid-regeringsgebou, is verwelkomend in teenstelling met die voorkoms van baie ander howe. Die gebou is op 21 Maart 2004 deur die destydse



*Die Grondwethof se logo, ontwerp deur kunstenaar Carolyn Parton, beeld die Grondwet en Hof uit as 'n boom met 11 takke wat mense van verskillende rasse skuiling bied. Daar is 11 regters op die regterbank van die Hof.
Foto: Ben Law-Viljoen © CCT.*

president Thabo Mbeki ingehuldig. Die Hof, 'n kragtige simbool van die demokrasie wat apartheid vervang het, is opgerig op die perseel van die Johannesburgse Fort, die berugte tronk in Johannesburg wat in 1983 gesluit het en wat vandag as Grondwetheuwel ("Constitution Hill") bekendstaan.

Die destydse Grondwetheuwel se geskiedenis strek terug na 1893 toe 'n tronk daar gevestig is. In 1896 het dit ook 'n militêre fort, vir die Boere om te waak teen die Britte se inval, geword. Ná 1900, toe die Britte Johannesburg oorgeneem het, word die Nommer Vier tronk vir swart swart mans in 1902, sowel as 'n vrouegevangenis in 1909, gebou. Verskillende rasse is apart van mekaar aangehou, terwyl veral swart gevangenes walglik behandel is. Honderde duisende mense is hier opgesluit voor en tydens apartheid, waaronder bekende figure soos Mohandas Gandhi en Albert Luthuli. Nelson Mandela het ook die Fort besoek – eers as 'n jong prokureur, daarna as 'n gevangene en uiteindelik as die President van Suid-Afrika.

Dit is ongewoon dat 'n hof op die terrein van 'n gevangenis gebou word, maar die eerste regters van die Grondwethof het die perseel doelbewus vanweë die tronk se geskiedenis gekies. Grondwetheuwel se ligging is besonders: dit is die bymekaarkomplek van die digbevolkte en woeste Hillbrow, die boomryke en welvarende Parktown en die burokratiese, jongheids, Braamfontein.

Om te bou met, en die versamel van kuns
Die "Constitutional Court Art Collection" (CCAC) het in 1995 ontstaan. Die portefeulje dekor, om die tydelike hofkamers te versier, is aan regters Albie

'n Gedeelte van die publieke kunsgalery en "Great African Steps" van die Hof waar kunswerke op 'n roterende basis vertoon word.
Foto: Ben Law-Viljoen © CCT




Die voorkant van die Grondwethof, met Garth Walker se lettertipe "The Face of the Nation" wat hy spesifiek vir die Hof ontwerp het aan die linkerkant. Aan die regterkant is die Hof se gekerfde houtdeure met die Grondwet se 27 fundamentele menseregte, onder die leiding van Andrew Verster, Andries Botha en 'n groep kerwers van KwaZulu-Natal. Beide die benaming en deure van die Hof maak gebruik van al Suid-Afrika se 11 amptelike landstale. Die deure maak ook gebruik van gebaretaal en braille om so inklusief moontlik te wees. Foto: Ben Law-Viljoen © CCT.



Sachs en Yvonne Mokgoro gegee. Danksy die leiding van Sachs het die dekorprogram egter 'n heel ander rigting ingeneem. Hulle minimale begroting van R10 000 is bestee aan 'n enkele handgeweefde tapisserie, *Humanity* deur Joseph Ndlovu (1995). Dié kunswerk se titel, sowel as die figure daarin wat met toe oë saamdrom, dui op die onpartydige basis van ons Grondwet en die Hof. Dit is sag, warm en stel 'n nuwe beeld van die reg daar.

Sedertdien is honderde kunswerke aan die CCAC geskenk, wat vandag meer as 600 items, bestaande uit 'n wye reeks mediums, bevat. Heelwat kunswerke is ook geïntegreer tot die hofgebou, soos gekerfde houtdeure, kunstenaar-ontwerpte matte, mosaïek en handgemaakte kandelare.



Die Hof se foyer wat uiting gee aan die konsep van "geregtigheid onder 'n boom". Die leunende pilare met mosaïek deur Jane du Rand verteenwoordig bome en die kandelare deur Walter Oltmann is soos blare en takke.
Foto: Ben Law-Viljoen © CCT.

Dit is 'n unieke versameling van meestal Suid-Afrikaanse kunstenaars (met 'n paar noemenswaardige uitsonderings, soos Marc Chagall). Die versameling ondersoek die temas van oorgang, sosiale geregtigheid, menseregte, grondwetlikheid, identiteit, herstel en versoening in die Suid-Afrikaanse konteks. Baie werke in die CCAC beeld die politieke agentskap en ervarings van die kunstenaars uit, ander is meer abstrak en



Foto's van die hofkamer van die Grondwethof. Foto's: Ben Law-Viljoen © CCT.



Die buitekant van die hof se kunstgalery. Die metaalpaneel is met die hand gegraveer deur kunstenaar Patrick Rorke van Lesotho. Foto: Guto Bussab © CCSA.

tradisioneel en gebruik vorm om emosie op te roep en om kulturele diversiteit te vier.

Die CCAC is meestal deur kunsskenkings moontlik gemaak – na die eerste werk gekoop was, was daar nie meer geld vir aankope nie. Danksy die vrygewigheid en welwillendheid van kunstenaars, galerye en donateurs groei die CCAC steeds op 'n gestruktureerde wyse. Die deur bly oop vir kunstenaars wie se werk die oogmerke en omstandighede van ons grondwetlike bestel aangrypend aanspreek.

Die CCAC kunswerkkomitee besluit oor voorstelle en hou toesig oor die aanbidding en bewaring van die CCAC, soos uitgevoer deur die kuratorspan. Die komitee word gelei deur 'n regter van die Hof, wat vergesel word deur een bykomende regter en ook vier eksterne kunskundiges. Die CCAC word bestuur deur die "Constitutional Court Trust" wat afhanklik is van toelaes en skenkings om hierdie werk uit te voer.

Francois Lion-Cachet is assistentkurator van die CCAC

Toere van die kunsversameling word deur die kurators op die laaste Saterdag van elke maand aangebied, al is dit vanjaar effens deur COVID-19 in die wiele gery. Om meer uit te vind oor hierdie toere en hoe om te bespreek, besoek gerus <https://ccac.concourtrust.org.za/tours>. Dit is die beste manier om die versameling en gebou van nader te verken.

Dit was baie aangenaam om lede van Die Dameskring Aasvoëlkoptak op hierdie toere in April en Junie te ontvang.

Die heel eerste kunswerk van die CCAC, Joseph Ndlovu se "Humanity" (1995). Dit stel 'n nuwe Afrika-uitbeelding van die reg daar teenoor die Westerse beelde van "Lady Justice" of 'n weegskaal. Die figure se oë is toesig wat die onpartydigheid van die reg uitbeeld, hulle saamwees is dan ook 'n uitbeelding van die grondwetlike waarde van ubuntu. Foto: Dragontree Studio © CCT.



Die kandelare ontwerp deur Robert Denton en Lientjie Wessels, soos te sien buite die kamers van die regters, herinner aan visvangmandjies wat tradisioneel uit gras geweef is. Foto: Ben Law-Viljoen © CCT.



'n Gang in die hof met kunswerke deur Siphon Ndlovu, "Images of South African History" (1998), en sekuriteitshekke wat deur kunstenaars ontwerp is. Foto: Ben Law-Viljoen © CCT.

